Publication: DIE BURGER
Page: 5
Title: Fosfaatmyn aan Weskus 'hou geen risiko in nie'
Publish Date: 07 February 2017
AVE: 26311.87
Author: Malherbe Nienaber

MYNMAATSKAPPY REAGEER

# Fosfaatmyn aan Weskus 'hou geen risiko in nie'

Malherbe Nienaber

'n Mynmaatskappy wat beoog om fosfaat aan die Weskus te myn, hou vol dat dié projek "geen beduidende risiko" vir die omliggende waterbronne inhou nie.

Elandsfontein Exploration and Mining (EEM) het aangedui dat hy bykomende studies van miljoene rande aangevra het en aan die hand daarvan kan sê dat die myn tussen Langebaan en Hopefield geen uitwerking op waterverbruikers "binne 'n radius van 5 km sal hê nie".

"Geen van die ekostelsels wat van grondwater in die streek afhanklik is, sal deur die mynwerk geraak word nie," sê Memory Johnstone, EEM-woordvoerder.

"Ons besef water is skaars, seker een van die waardevolste hulpbronne in Suid-Afrika.

"Al ons planne en prosesse is spesifiek ontwikkel om watergebruik te minimaliseer en te optimaliseer."

Dit volg nadat 'n dokument wat glo deur Sanparke in Desember 2016 opgestel is en die myn se aansoek vir 'n watergebruikslisensie teenstaan deur omgewingsaktiviste op Facebook geplaas is.

Die Weskus-omgewingsbewaringsvereniging (Woba) het dié dokument op sy Facebook-blad geplaas en is gekant teen 'n oopgroefmyn wat "permanente en onherstelbare skade" aan die omgewing en waterbronne kan aanrig.





Bo: Die mynmaatskappy Kropz sê hy het reeds R1,35 miljard in die Suid-Afrikaanse ekonomie belê met die ontwikkeling van die Elandsfontein-fosfaatprojek aan die Weskus. Volgens Kropz het hy bykomende studies aangevra om die myn se moontlike impak op omliggende waterbronne vas te stel en is daar bevind dat dit "geen beduidende risiko" inhou nie. Foto: HELENE MEISSENHEIMER

Links: 'n Lugfoto van Elandsfontein-fosfaatmyn wat tussen Langebaan en Hopefield aan die Weskus geleë is en aan die Weskus Nasionale Park grens. Die myn wag tans op goedkeuring vir 'n geïntegreerde watergebruikslisensie en lisensie om uitlaatgasse vry te stel. Foto: FACEBOOK

Beplande fosfaatmyn




Woba het verlede jaar 'n aansoek in die hooggeregshof in Kaapstad ingedien om Elandsfontein se mynregte te laat hersien en tersyde te laat stel, terwyl hy aanvoer dat die watergebruikslisensieaansoek nie oop vir die publiek was nie.

Sanparke het aangedui dat hy sedert die opstel van die kommentaar op Elandsfontein se aansoek, dit onttrek het op voorwaarde dat sekere voorwaardes nagekom word.

Rey Thakhuli, 'n woordvoerder van Sanparke, het op 27 Januarie gesê die voorwaardes het betrekking tot die bestuur en monitering van water. Dit sluit in dat die moontlike uitwerking van besoedeling op die watervloei na die Langebaan-strandmeer vasgestel word, 'n onafhanklike studie van die akwifeer en "paleovallei" gedoen word en meer inligting oor die prosesse om besoedeling te monitor en te verminder, bekend gemaak word.

Die myn is geleë op 500 ha grond wat grens aan die Weskus Nasionale Park, in 'n gebied waar verskeie fossiele oor die jare al ontdek is.

Elandsfontein bevat die grootste sedimentêre afsetting van fosfaat in die land, wat in die landbousektor vir kunsmis gebruik word.

Goedkeuring vir 'n geïntegreerde watergebruikslisensie en lisensie om uitlaatgasse vry te stel, word benodig voordat die mynwerk kan begin.

Tot dusver is R1,35 miljard al in die Suid-Afrikaanse ekonomie belê om die Elandsfontein-fosfaatmynprojek te ontwikkel, volgens EEM se beheermaatskappy, Kropz.

"Verskeie uitgebreide studies" is aangevra om te bepaal wat die Elandsfontein-myn se uitwerking op waterbronne en die gehalte daarvan sal wees, het Johnstone gesê.

Die studies het onder meer bevind dat die mynwerk "geen beduidende risiko" van waterbesoedeling inhou nie en geen uitwerking op "enige oppervlakwater" sal hê nie.

Daarby behoort die myn se uitwerking op die waterdraer in die gebied "minimaal" te wees en nie watervlakke langs die Langebaan-strandmeer of kus te verander nie.


www.novusgroup.co.za | Tel: 011 568 3337 | clientservice@novusgroup.co.za | Copyright © Novus Group (Pty) Ltd.